DISKUSSIE

# Prof. Stoker se ANTROPOLOGIESE WETENSKAP EN DIE BEELD VAN GOD: IN KOERS JULIE 1958

## I. Prof. Stoker oor die ekonomiese handeling.

In die Julie 1958-uitgawe van **Koers** wend prof. Stoker 'n poging aan om die mens as beelddraer van God te sien. Hierdie poging moet in beginsel verwelkom word. Wanneer dit egter om die mens in sy ekonomiese funksie as beelddraer van die Voorsienigheid van God gaan, maak hy gebruik van 'n formulering van die ekonomiese handeling waarmee ek my nie kan vereenselwig nie. Hieraan vervolgens die aandag.

Die ekonomie behels volgens prof. Stoker drie gebiede, t.w. produksie, distribusie en aanvaarding. Wat word egter onder aanvaarding verstaan? Die begrip is onbekend in die ekonomiese vakterminologie en word nie deur die skrywer gedefinieer nie. Afhanklik van die betekenis daarvan, is dié beskouing omtrent die ekonomiese proses onvolledig omdat 'n belangrike ekonomiese handeling — miskien die belangrikste — buite rekening gelaat word, naamlik verbruik.[1]) Indien verbruik as 'n deel van die ekonomiese funksie omskryf word[2]), is hierin die **interne** „bestemming" van die ekonomiese handeling geleë. Die veronagsaming van verbruik lei dus daartoe dat prof. Stoker beweer dat „die ekonomiese bedryf primêr 'n **eksterne** „bestemming" het.

Die feit dat die ekonomie 'n interne „bestemming" het, weerlê egter nie die

---

1. Tensy met aanvaarding verbruik bedoel word, maar dan kom die begrip nie tot sy volle reg in die artikel onder bespreking nie.
2. Skei verbruik van gebruik. Verbruik beteken die verkryging van goedere en dienste vir die bevrediging van behoeftes waarvoor 'n teenprestasie nodig is. Gebruik beteken die fisiese absorbering van die goedere en dienste.

feit dat hierdie kring die ander kringe van noodsaaklike middele voorsien nie. Die ekonomiese handeling is trouens maar één van die tallose handelinge van die komplekse mens en moet dus in perspektief gesien word. Hieruit kan egter nie afgelei word dat die ekonomiese handeling by uitstek voorsorgmakend is nie. Dit is veel eerder die beantwoording van 'n potensiële vraag na middele en is dus, oor die algemeen, eerder **versorgend** as **voorsorgmakend**. Is dit dus korrek om die mens in sy ekonomiese handeling as 'n draer van die Voorsienigheidsbeeld van God te sien?

Dat hierdie voorsiening van middele 'n diens is, lei geen twyfel nie en dit moet verwelkom word dat prof. Stoker die aandag vestig op die diensmotief by die ekonomiese handeling, aangesien hierdie motief in die praktyk dikwels nie tot sy volle reg kom nie. Om egter te beweer dat die **fundamentele** motief vir die ekonomiese handeling diens is (of moet wees) en nie wins nie, kan nie sonder meer aanvaar word nie. Nóg die een nóg die ander is korrek. Ten eerste kan daar nie van een enkele ekonomiese motief gepraat word nie en ten tweede is die winsmotief alleen kenmerkend van die produksie- en distribusiehandelings. Wat is die motief by die verbruikshandeling, of by die verkoop van produksiefaktore soos arbeid? Die winsmotief is 'n spesifieke geval van die fundamentele motief, naamlik die strewe na die maksimale bevrediging van behoeftes[3]). Die beklemtoning van die winsmotief moet waarskynlik gewyt word aan prof. Stoker se neiging om die ekonomiese funksie tot die tegniese te beperk. Die stelling i.v.m. die winsmotief regverdig 'n kort bespreking van die winsbegrip. Wins beteken in werklikheid — behalwe in die geval van „windfall" of onbeplande winste — 'n de tipe loon. Die loon wat aan die ondernemer betaal word vir sy inisiatief en vir die onversekerbare risiko's wat hy noodgedwonge moet dra. Die behoeftebevredigingsmotief vir die ekonomiese handeling, waaronder dus ook die winsmotief, is egter slegs die fundamentele motief wat ondersteun word deur 'n kombinasie van sekondêre motiewe wat o.a. materieel, tegnies en ideologies kan wees. Die diensmotief is onder andere een hiervan. Die motief van maksimale behoegtebevredigings en meer spesifiek die winsmotief is meer fundamenteel vir die ekonomiese handeling as enige ander motief, omdat die ekonomiese handeling op die lange duur nie uitvoerbaar sal wees indien hierdie motief geen rol speel nie. Niemand is in staat om aanhoudend voort te bestaan indien sy ekonomiese handeling alleen materiële nadeel inhou nie. Geen onderneming kan aanhou om dienste te lewer terwyl dit teen 'n permanente verlies funksioneer nie. Dit sou ook oneties wees om so iets te verwag: die arbeider is immers sy loon werd!

Wat bepaal dan eintlik die motiewe (dryfvere) verantwoordelik vir die ekonomiese handeling, d.w.s. die motiewe waaraan voldoen moet word by die beslissing wat geneem word waaruit die ekonomiese handeling voortvloei? Die motiewe kan geskei word in verstandelike- en gevoelsmotiewe, maar kenmerkend van albei is dat dit doel-

3. Soms word dit geformuleer as die verkryging van 'n maksimale materiële voordeel.

gerig is. Die beslissing wat tot die ekonomiese handeling lei is dus 'n sintese van hierdie motiewe gebaseer op bepaalde doeleindes. Tot sover bestaan die gevaar tereg dat die ekonomiese handeling humanisties kan wees, mits die doeleindes sonder meer deur die mens gestel kan word, d.w.s. sonder om ag te gee op enige norme buite homself. Maar juis hierin onderskei ons ons benadering van die sogenaamde suiwer wetenskaplike benadering dat ons aanvaar dat die keuse van die doeleindes onderhewig is aan verskillende norme buite die mens geleë, o.a. sosiale, etiese, kulturele en juridiese norme, maar veral ook aan die ekonomiese norm. Geen motief of doeleinde onderhewig aan hierdie norme kan as humanisties beskou word nie.

Wat is dan die spesifiek-ekonomiese norm? Voortspruitende uit God se skeppingsgebod aan die mens kan ons die ekonomiese norm formuleer as: Die eis van doelmatigheid by die uitoefening van beskikkingsmag oor skaars, alternatief-bruikbare goedere[4]). Die diensmotief is sekerlik in lyn met hierdie norm, maar dit vloei ook voort uit die doeleinde van 'n maksimale behoeftebevrediging. Hoe kan 'n ondiens lei tot die bereiking van 'n behoeftebevredigingsdoeleinde, gekeur deur al die bogenoemde norme? Op soortgelyke wyse kan ander sekondêre motiewe afgelei word, maar genoeg hiervan!

Terloops, uit die voorgaande vloei ook voort dat die ekonomiese wet, naamlik om met gegewe energieverbruik maksimale werk te verrig, of anders gestel, om met minimale energieverbruik 'n gegewe werk te verrig[5]), in ooreenstemming met ons lewens- en wêreldbeskouing is, mits ons natuurlik aanneem dat die norme wat beslissend is vir die ekonomiese handeling, dié norme is wat vir ons deur die Bybel geopenbaar word as die wil van God.

Veroorloof my twee verdere opmerkings oor die artikel onder bespreking. Die feit dat 'n bepaalde middel nodig is vir enige kring, beteken nie dat die middel 'n ekonomiese goed of diens is nie. Vars lug is 'n middel wat nodig is in die algemene lewenskring. Nogtans is lug geen ekonomiese goed nie. Die essensiële vereistes vir 'n middel om 'n ekonomiese goed te wees is tweërlei, t.w. (i) dat die goed nodig moet wees, d.w.s. dat daar 'n behoefte moet bestaan na die goed en (ii) dat dit skaars moet wees — anders gestel dat dit noodsaaklik moet wees om iets op te offer vir die verkryging daarvan. Om dus te beweer dat „slegs dit wat vir die betrokke take **nodig**[6] is", in die ekonomiese kring verskaf sal word, gee nog nie die volledige eienskappe en dus die definisie van 'n ekonomiese middel nie en kan dus nie as alternatief vir bostaande twee eienskappe aanvaar word nie.

Die tweede opmerking betref die volgende vraag: „Beteken dit nie dat mens ekonomiese sorg nié aan die „toeval" . . . . . van onbeplande vraag en aanbod behoort oor te laat nie, maar behoort te beplan? Ek wil hierop met 'n wedervraag antwoord: Wie kan vandag

4. Sien T. P. van der Kooij: **Over economie en humaniteit**, pp. 27-28.

5. Prof. Stoker se formulering van hierdie wet is natuurlik foutief: „Om met **minimale** energieverbruik **maksimale** werk te verrig." (My kursivering.)

6. My kursivering.

eksperimenteel – en dus op algemeen aanvaarbare wyse — bewys dat beplanning groter doelmatigheid van die ekonomiese handeling sal verseker as die vrye funksionering van die basiese ekonomiese wette, o.a. van vraag en aanbod?

Laat my ten slotte toe om opsommenderwyse my standpunt omtrent die ekonomiese handeling positief te formuleer. Let daarop dat die konsekwensies van hierdie formulering vir die beoefening van die ekonomie as vakwetenskap hier nie ter sprake is nie. Die verloop van die ekonomiese proses is soos volg: Produksie en distribusie word oor die langtermyn beheer en bepaal deur verbruik. Verbruik op sy beurt word weer bepaal deur die drang na die maksimale bevrediging van behoeftes. Hierdie fundamentele doeleinde tesame met ander sekondêre doeleindes is dus die dryfveer op grond waarvan die beslissings plaasvind wat lei tot die ekonomiese handeling van die mens in sy verbruikershoedanigheid, en daardeur in produksiehoedanigheid en in sy hoedanigheid as die eienaar van produktiewe bronne. Hierdie doeleindes is egter onderhewig aan die spesifiek ekonomiese norm van doelmatigheid in die verloop van die ekonomiese proses en ook aan die ander Godgegewe norme wat die mens moet aanvaar of verwerp na gelang van sy lewens- en wêreldbeskouing.

F. J. DU PLESSIS.
P.U. vir C.H.O.

II. Ek vind prof. Stoker se benadering verrassend, en sou graag net by wyse van verdere verheldering die volgende vra:

1. Hy praat van „Antropologiese Wetenskappe" of „Wetenskappe aangaande die mens". Teenoor welke groep(e) van wetenskappe grens hy dit af en langs watter weg word die grense vasgestel?

2. In sy adstruering bedien prof. Stoker hom van twee vakwetenskappe, t.w. die ekonomie en die taalwetenskap. Hy sê o.a. van die ekonomie: „Ekonomie as voorsiening aan ander kringe van die nodige, as goedere verskaffende voorsorg, is diens". Effens verder aan staan ook: „Die goedere waarvan die ekonomie die ander kringe voorsien, gebruik daardie kringe as middele waarmee hulle hul betrokke take behartig." Wanneer ons ons tot die diereŵereld wend, 'n miernes, vind ons oënskynlik iets hiervan terug. Daar word skynbaar ook deur sommige miere „voorsien" in die grassiebehoefte of sandbehoefte van die nes. 'n Byekorf mag ook as voorbeeld dien van wat ek bedoel.

Maar verder: In die diereryk tref ons ook verskynsels aan wat op die oog af lyk na „openbaring" in die „dieretaal." Dit is wel waar dat hierdie „openbaring" nie „hoorbare klanke met ‚betekenis' " is, indien ons „betekenis" in 'n bepaalde sin definieer nie, maar in 'n ander sin „beteken" hierdie geluide tog wel genotsgevoelens, pyn of vrees.

My vraag dus: Hoe moet hierdie skynbare analogie tussen die ekonomiese en taalbesigwees van die mens met sekere vorme van besigwees by diere geïnterpreteer word? Is die een miskien 'n selfbewuste, doelgerigte aktiwiteit, die ander daarenteen 'n a-selfbewuste, a-doelgerigte (of doel-

gerigte?) besigwees? Sodat die onderskeid dan veel eerder ten opsigte van die selfbewustheid (en doelgerigtheid?) as ten opsigte van die aktiwiteit bestaan?

ADRIO KONIG.
Pretoria.